# Die noodsaak van Skrifgefundeerde vaderskap as *antwoord* op die voortslepende probleem van vaderafwesigheid in Suid-Afrika

*Fazel E. Freeks*
*Faculty of Theology*
*North-West University*
*Potchefstroom Campus*
*fazel.freeks@nwu.ac.za*

## Opsomming

*In enige gesinsisteem veroorsaak die afwesigheid van 'n ouer 'n vakuum in die ouerskapsrol en die gesin se vermoë om doeltreffend te funksioneer word nadelig geaffekteer. Vaderafwesigheid in die Suid-Afrikaanse konteks is aan die toeneem en veroorsaak dikwels probleme soos gebroke gesinne, ongewenste en aggressiewe gedrag onder kinders, enkelouerskap, finansiële, sosiale en maatskaplike probleme asook armoede. In die gesin is die rol van 'n vader en sy fisiese teenwoordigheid van kardinale belang vir kinders omrede sy vaderskapsrol bydra tot die kognitiewe ontwikkeling en die intellektuele funksionering van die kind. Die skrywer beskou hierdie probleem van vaderafwesigheid as 'n saak van erns en bekommernis en daarom die hulpgeroep na die Skrif as moontlike oplossing. Dit blyk duidelik te wees dat in hierdie artikel van 'n* Sola Scriptura*-beleid gebruik gemaak word. Die artikel fokus dus op Bybelse waarhede en vertrekpunte uit die literatuur om die belangrikheid van vaderskap uit te lig. Die Skrif is nie net 'n gesaghebbende bron vir onderrig, teregwysing en vermaning nie, maar is ook 'n uitsonderlike riglyn en maatstaf wat insig gee in die uniekheid van God as Vader*

*en wat antwoorde bied oor die waarde van 'n aardse vader binne 'n gesinsisteem.*

## Abstract

***The necessity of Scripture-based fatherhood as a* solution *to the continuing problem of absent fathers in South Africa***

*The absence of any parent in a family system causes a vacuum with respect to the parenting role and it affects the family's ability to function effectively. In the South African context father absence is on the increase and it frequently generates problems such as broken families, undesirable and aggressive behaviour among children, single parenting, financial and social problems as well as poverty. The role of the father and his physical presence are of utmost importance in the life of children because his fatherhood role contributes to the child's cognitive development and intellectual functioning. The author views this problem of father absence as a matter of seriousness and concern, thus the cry for the Bible as a possible solution. In this article it appears and becomes clear that a* Sola Scriptura *policy is being used. The article therefore focuses on Biblical truth and departure points from literature to highlight the importance of fatherhood. Scripture is not just an authoritative source of teaching, correction and admonition but also serves as an exceptional guideline and measure that speak of the uniqueness of God as Father, while presenting answers regarding the worth of an earthly father within a family system.*

## Kernbegrippe

**Skrif, vaderskap, vaderafwesigheid, Suid-Afrika**

## Key concepts

**Scripture, fatherhood, father-absenteeism, South Africa**

# 1. Bybelse vertrekpunte

Die aardse vader kan betekenis oordra oor die aard en karakter van God as Vader en daarom word daar in hierdie artikel verwys tot watter mate die mens geskape is.

Volgens die Skrif (Gen 1:27) het God die mens geskape na sy eie beeld en as sy verteenwoordiger. In sy beeld het Hy hulle man en vrou geskape (Dobbs, 2013:38-39). In Jeremia 32:27 is dit ŉ kenmerkende aanduiding dat God die God van alle vlees is, insluitende die mens wat Hy geskep het (vgl ook Job 12:10). God se vaderbeeld kan dus op ŉ analogiese wyse voorgestel word, waar die man die hoof van die gesin is soos wat Jesus Christus die hoof van die huis en die kerk is, volgens Efesiërs 5:23. Die Skrif verklaar ook in Johannes 1:12 dat ons (beide man en vrou) kinders van God word as ons eers Jesus Christus aanvaar en in sy naam glo. Die man is dus as hoof en vader van sy huis aangestel, wat dui op sy taak en nie sy status nie, en daarom is hy nie belangriker as die vrou nie, maar die vrou behoort op te tree as moeder, as hulp en as ondersteuner binne die gesin, soos wat die Skrif dit beskryf in Genesis 2:18-24. Alhoewel die man as hoof aangestel is bo die vrou, is die man en vrou gelyk in Christus (Gal 3:28). Die man is slegs die noodsaaklike taak deur God opgelê om as hoof van sy gesin op te tree en daarom moet sy hart op God gerig word wanneer hy sy vrou liefhet en sy kinders opvoed (Mal 4:6; Ef 6:4; Kol 3:20-21; Deut 6:4-9 en 1 Tim 3:4-5; 5:8).

# 2. Probleemstelling

## *2.1 Die probleem van vaderafwesigheid in die wêreld*

Die probleem van ŉ afwesige vader kom nie net in plaaslike gemeen¬skappe voor nie, maar wêreldwyd (Williams, 2014; Bartlett, 2013:1-3; Freeks, 2013:3; Freeks & Lotter, 2009:520-521; Freeks, 2004:2; Family life, 1998:1; Popenoe, 1996). Afwesige vaderskap gee aanleiding tot geweldige probleme in ŉ gemeenskap (Williams, 2014; Staples, 1999:103-111) wat uitkring in die totale samelewing (Freeks & Lotter, 2009:521; Lupton & Barclay, 1997:12-17). Freeks en Lotter (2009:521-524) en Staples (1999:195-198) wys ook daarop dat afwesige vaderskap geweldige implikasies inhou vir ŉ bevolking.

Volgens Dobbs (2013:2) is vaderafwesigheid die mees nadelige demografiese neiging van ons generasie en die vernaamste oorsaak wat agteruitgang bewerkstellig by die kind se welstand. Dobbs meen ook dat vaderafwesigheid die dryfveer is van ons dringende sosiale probleme soos misdaad, tienerswangerskappe, kindermolestering en mishandeling en gesins-

geweld. As gevolg hiervan is vaderafwesigheid ŉ wesenlike probleem, maar word dikwels geïgnoreer of ontken (Dobbs, 2013:2).

Navorsing het sedert 2009 en selfs vroeër al bewys dat vaderafwesigheid ŉ effek het op kinderontwikkeling en kinders wat sonder ŉ pa groot word, ervaar gewoonlik langtermyn gevolge. Een van die gevolge is die leemtes in ŉ kind se lewe en daarom kan die invloed wat afwesige vaders op hul dogters se keuses uitoefen, nie onderskat of ligtelik opgeneem word nie. Hierdie dogters kan byvoorbeeld ŉ leemte of behoefte ervaar aan liefde en sal dan dikwels liefde op die verkeerde plekke soek net om daardie leemte of behoefte te vul. Sommige van hierdie dogters bevind hulself in verkeerde verhoudings waarin hulle nie goed behandel word nie. Hulle verduur egter eerder die mishandeling as om uit die verhouding te stap. By seuns wat sonder ŉ pa opgroei, is die kanse groot dat hul aggressiewe gedrag gaan openbaar, alhoewel dit nie die geval is by alle seuns nie (Richter, Desmond, Hosegood, Madhavan, Makiwane, Makusha, Morrel & Swartz, 2012:3; Perrin, Baker, Romelus, Jones & Heesacker, 2009:314; Freeks, 2004:51-53).

Skrywers soos onder andere Tseng en Verklan (2008:229) beskryf dat die vader in ŉ krisis is as gevolg van die probleme wat gesinne ondervind. Martin, Ryan en Brooks-Gunn (2010:145) het aangetoon dat ondersteunende vaders kinderontwikkeling baie meer beïnvloed in gevalle waar kinders slegs by hul ma's woon. Hulle bevind dat die vader kan dien as ŉ potensiële buffer teen nie-ondersteunende ma's. Baie van hierdie kinders ondervind ŉ *vaderhonger* (ŉ diep, aanhoudende begeerte vir emosionele verbinding met die vader) (Perrin *et al.*, 2009:314). Sommige van hierdie kinders is emosioneel verwond en wend hulle dikwels tot verkeerde gedrag (Goodsell & Meldrum, 2010:250; Wong, McElwain & Halberstadt, 2009:454). Dit is om hierdie rede dat Newland en Coyl (2010:31) van die veronderstelling uitgaan dat vaders ŉ belangrike rol speel by die vaslê van normes by hul kinders (vgl. ook Vigilant, Trefetheren & Anderson, 2013:204-205; Freeks & Lotter, 2011:581).

Onlangse studies het bepaal dat sonder die bystand en ondersteuning van die vader ten opsigte van die swanger vrou word daar baie keer gevind dat voorgeboortes, jong sterftes en ondergewig by babas voorkom, maar as die vader ondersteun en bystand verleen tydens die vrou se swangerskap en voor die geboorte van die kind, mag sy rol belangrik wees in die voorkoming van hierdie gevalle (vgl. Salihu *et al.*, 2014). Laasgenoemde skrywers is ook daarvan oortuig dat vaderbetrokkenheid ŉ impak mag hê op kindergesondheid en ontwikkeling (Salihu, August, Mbah, Alio, Berry & Aliyu, 2014).

Die gebrek aan gesonde huwelike in die Amerikaanse kultuur is duidelik sigbaar aangesien 25% van die kinders onder die ouderdom van 18 in Amerika by hul ma's woon (Fagan, Palkovitz, Roy & Farrie, 2009:1389; vgl. ook Freeks, 2013:5). Popenoe (1996) het destyds gereken dat Amerika baie vinnig besig is om 'n vaderlose samelewing te word, of – om dit meer akkuraat te stel – 'n samelewing van afwesige vaders. Popenoe het beweer dat 50% van Amerikaanse kinders teen die volgende eeu weg van hul biologiese vaders sal woon. Hy wys ook daarop dat ongeveer 31% van wit Amerikaanse kinders gebore word in enkelouergesinne, maar onderskeidelik meer in swart gemeenskappe met 59% (Popenoe, 1996; vgl ook Williams, 2014). Dus het Williams (2014) onlangs en Staples (1999:32-35) destyds bevind dat Amerikaanse swart gemeenskappe veel erger gebuk gaan onder die gevolge van afwesige vaders as ander gemeenskappe.

Volgens Fathers For Life (2013) het die Buro van die sensus in Amerika aangetoon dat huise sonder vaders die volgende neigings het:

- 63% van jeugselfmoorde is as gevolg van vaderafwesigheid;
- 90% van die kinders hardloop weg van die huis as gevolg van vaderafwesigheid;
- 80% van verkragters word gemotiveer deur woede as gevolg van vaderafwesigheid;
- 71% van die kinders los die skool as gevolg van vaderafwesigheid; en
- 85% van die jeug sit in tronke as gevolg van vaderafwesigheid.

Opnames is ook gedoen in 'n onlangse studie (vgl. Dobbs, 2013) waar vraelyste afgeneem is en onderhoude gevoer is met 505 respondente. Van die spesifieke vrae in die onderhoude was: "*Vertel van jou vader gedurende jou kinderjare en watter soort karaktereienskappe sou jy gebruik om jou vader te beskryf?*" Die persepsie van die respondente in terme van vaderskap was negatief omrede daar nie 'n vader was nie en as gevolg hiervan het 31% van die respondente meegedeel dat dit moeilik vir hulle is om met God die Vader in verwantskap te staan.

Volgens Oliker (2011) is daar talle boeke, tydskrifte en selfs oggend-televisie-programme wat gewoonlik inligting en selfs wenke aanbied oor die rol van die moeder by die kind. Desnieteenstaande het kinders ook 'n vader in hul lewe nodig wat kwaliteit tyd met hulle kan spandeer (vgl. Williams, 2008:18; Freeks, 2011:88-92). Kinders wat van geboorte af hul vader se betrokkenheid en tydsbesteding ervaar is gewoonlik gerus en veilig in hul emosionele toestand en het meer selfvertroue wanneer hul ouer word en beter sosiale bande met ander (Oliker, 2011). Oliker sê verder dat dit afhang

van die manier waarop vaders met hul kinders speel wat ŉ belangrike impak op ŉ kind se emosionele en sosiale ontwikkeling impliseer. Veral in een-tot-een interaksies met kleuters en voorskoolse kinders blyk dit dat die pa se tydspandering meer impak het as die ma s'n. Franklin (2011) beskryf hierdie tydspandering as die mees belonende gevoel by kinders. Die interaksies met die pa leer kinders om hulle gevoelens en gedrag te reguleer (Oliker, 2011). Aktiewe en betrokke vaders wat tyd afstaan, omgee en sy kinders vertroetel maak dat kinders beter opvoedkundige resultate lewer, beter verbale vaardighede aanleer, beter intellektueel funksioneer en akademies uitstyg (Oliker, 2011).

Abraham Lincoln het die belangrikheid van teenwoordige ouers bevestig in sy uitspraak dat die krag van ŉ volk lê in die huis waar die vader en die moeder teenwoordig is (vgl. Family Life, 1998:2).

## *2.2 Die probleem van vaderafwesigheid in Suid-Afrika*

Volgens Richter *et al.* (2012:2) is Suid-Afrika een van die lande met die hoogste syfers van vaderafwesigheid in die wêreld. Verder word daar verder beweer dat net ŉ derde van die Suid-Afrikaanse voorskoolse kinders in dieselfde huis woon van beide vader en moeder (Statistics South Africa, 2011). In die ontwerp van die Wit Skrif (draft White Paper) van 2012 op families is daar ernstige kommer uitgespreek oor Suid-Afrikaanse families wat onder beleg staan (under siege) en dat vaderafwesigheid een van die gevare inhou vir familie lewe (Swartz, Bhana, Richter & Versfeld, 2013). Na aanleiding van bogenoemde is en bly afwesige vaders ŉ toenemende probleem in Suid-Afrikaanse huishoudings (Van den Berg, Hendricks, Hatcher, Peacock, Godana & Dworkin, 2013:112-113; Bartlett, 2013:1).

Bartlett (2013:1) noem dat die afwesigheid van vaders toegeneem het van 42% in 1996 tot 48% in 2011 in Suid-Afrika. Holborn en Eddy (2011:4) asook SAIRR (2013:7) dui aan dat die afwesigheid van swart vaders met 51.4% toegeneem het; van gekleurde vaders met 38.5%; van Indiese vaders met 11.5%; en van wit vaders met 19.4%.

Mandara, Murray en Joyner (2005:560) het in 2005 aangevoer dat die nalatenskap van apartheid, armoede, ongelykheid in die post-apartheid Suid-Afrika, MIV/VIGS en geslagsongelykheid ŉ negatiewe impak het op gesinspraktyke en die betrokkenheid van vaders in hul kinders se lewens (vgl ook Bartlett, 2013:1; Spjeldnaes, Moland, Harris & Sam, 2011:5-6). In aansluiting hiermee veroorsaak die afwesigheid van die vader algemene probleme, soos finansiële probleme en armoede. Sosiale probleme is dikwels die gevolg van verminderde sosiale kontak en isolasie. Maatskaplike

probleme kan tot verlaagde lewenstandaard lei en affektiewe probleme kan verlies aan emosionele sekuriteit, gevoel van onsekerheid, bitterheid en selftwyfel veroorsaak. Die afwesige vader hou nie net finansiële, maatskaplike en geestelike implikasies vir ŉ gesin in nie (vgl. Freeks, 2004:4-5), maar ook fisiese implikasies (Freeks & Lotter, 2009:520-521; Van Wyk, 1983:27-30). As die vaderskapsrol nie vertolk word nie, lei dit tot aggressiewe gedrag by kinders en gaan dit gepaard met talle sosiale probleme in gemeenskappe (vgl. FAMSA Potchefstroom, 2012:14). Dit is daarom dat kinders (veral seuns) dikwels by misdaad betrokke raak (Sowers, 2010:47-51; Freeks & Lotter, 2009:521; Anon., 1998:96).

As gevolg van die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika is baie vaders van hulle gesinne fisies verwyder en ook afwesig as vader. Ongelukkigheid en teleurstelling kom dikwels voor by adolessente meisies as gevolg van egskeiding en hierdie kinders en hul moeders beleef geweldige spanning (Bartlett, 2013:12 & 32). Bartlett noem verder dat die moeder se emosionele en finansiële las oorlaai is en dat kinders met onvervulde behoeftes soos liefde, kommunikasie, erkenning, aanmoediging en dies meer, die lewe se uitdagings moet hanteer (Bartlett, 2013:12-16).

In Suid-Afrika, met die wye voorkoms van werkloosheid en afdanking (Viljoen, 2011:316) word baie vaders daartoe gedwing om ŉ ver afstand van die huis af te werk, byvoorbeeld by myne en industrieë (Langa, 2010:519). Alhoewel die vader geld huis toe stuur, bly hy nogtans afwesig en is hy nie in staat om sy vaderplig op te neem nie. Volgens Sidimba (2011:14) is daar ŉ studie deur die Departement van Provinsiale en Sosiale Ontwikkeling in Suid-Afrika gedoen. In die verslag is daar pertinent aangedui dat die hoë tempo van die moraliteitskwessie onder mans in die streek geweldig bydra tot die afwesigheid van vaders in die lewe van kinders. Sidimba meld ook dat in 2007 meer as ŉ driekwart van al die kinders onder die ouderdom van 10 jaar nie by hul biologiese vader gebly het nie en dat die afwesigheid van die vader in die gesin grootliks verwant is aan trekarbeid (Sidimba, 2011:14).

ŉ Verdere kritiese probleem rondom die afwesige vader is die ontstaan van enkelouerskap omdat die vader permanent afwesig is (vgl. Freeks, 2013:8; Freeks, 2011:87; Madhavan, Townsend & Garey, 2008:661; Welch, 2007:10-11; Steyn, 1993:74-77). Bartlett (2013:2-3), Welch (2007:10-11) en Deal (2010:50) definieer die begrip *enkelouergesin* as ŉ gesinseenheid waar een van die ouers afwesig is en die oorblywende ouer vir die toesig en versorging van die kinders in die huis verantwoordelik is (vgl. ook Freeks, 2011:87-88). Dit is nie vreemd dat die klem baie meer op vaders geplaas word nie, juis omdat die meeste enkelouers die moeders is. In sy navorsing onder jong

seuns en hulle ma's as enkelouers om vas te stel hoe beheerbaar 'n ma in 'n gesin sonder 'n vader funksioneer, het Campbell (1994:55-56) destyds al bevind dat die groeiende faktor in die gesin die vroulike rol is. Die opnames in Campbell se navorsing het ook aangedui dat dit vir die ma baie moeilik is om jong seuns sonder 'n pa in 'n gesin op te voed en te lei. Die ma sou glad nie daarin kon slaag om die jong seuns behoorlik te dissiplineer nie, want van hierdie seuns onder wie die navorsing gedoen is, het aangedui dat hulle nie ag slaan op hulle ma's nie, maar dat hulle definitief sou reageer het as daar 'n vaderfiguur teenwoordig was en sou daar dalk 'n verskil kon gewees het. Desnieteenstaande kan die vader sowel as die moeder 'n bydrae lewer tot die kind se kognitiewe ontwikkeling en gedragspatrone (vgl. Brown, Schoppe-Sullivan, Mangelsdorf & Neff, 2010:122-123; Freeks, 2004:39). Opvoedkundiges en sielkundiges het reeds beklemtoon dat die sorg van *beide* vader en moeder noodsaaklik is vir die aktualisering van enige kind (vgl. Bartlett, 2013:32-35; Freeks, 2011:136 en Nerren, 2008). Waar een of beide ouers afwesig is as gevolg van dood, egskeiding of enige ander rede, vind versteuring van die proses plaas (Freeks, 2004:4).

In baie gevalle soek die vader wat van sy gesin vervreem is toenadering tot die kinders, maar word deur die moeder verhinder om sy vaderplig te vervul (Freeks, 2004:3). Derhalwe is dit noodsaaklik dat die moeder moet besef dat affektiewe vaderskap 'n essensiële rol speel veral by die geboorte van kinders (vgl. Freeks, 2004:89). Die betrokkenheid van die vaders bevoordeel die kinders en die kinders behoort weer groot vreugde en dankbaarheid te bring by die vaders (vgl. Spjeldnaes *et al.*, 2011:7; Brown *et al.*, 2010:122-123). As daar nie 'n vader betrokke is nie, voel dit soms vir die kinders of hulle geen hoop en selfs geen verwagting in die lewe het nie, veral in aspekte soos finansies, behoefte aan liefde, behoefte aan leiding, behoefte aan sekuriteit, kommunikasie, erkenning, aanmoediging, ensovoorts (Bartlett, 2013:13-17; Freeks, 2013:4).

Die rol van die vader kan ook nie net om ekonomiese redes wees nie, want dan is hy steeds afwesig. Sy rol is egter dieperliggend, en hy moet teenwoordig wees met die ontwikkeling van die kinders (Mallers, Charles, Neupert & Almeida, 2010:1652-1653). Larney (2009:44), Munroe (2008:123), Austin (2007:4) en Freeks (2004:102) wys daarop dat as die vader nie effektief optree nie, dissipline ontbreek en dat orde, stabiliteit en groei in die gesin daardeur nadelig beïnvloed kan word. Benghiat (2001:64) meld dat die gebrek aan 'n vaderskapsrol 'n groot skuif na geëmansipeerdheid teweeg gebring het. Hy meen veral dat seuns identifiseringsprobleme ondervind as gevolg van die afwesigheid van die vader. Bo en behalwe dat seuns

identifiseringsprobleme ondervind, veroorsaak vaderafwesigheid dat beide seuns en dogters geen positiewe rolmodelle het nie (Swartz *et al.*, 2013).

Die identiteitskrisis by die man, verwagtinge wat in die media geskep word, enkelouerskap, en vaders wat fisies teenwoordig maar emosioneel afwesig is, is probleemareas wat baie nadelig kan wees vir die gesin (vgl. Koenig-Visagie & Van Eden, 2013:2-6; Mintle, 2010:28; Nhlapo, 1998:9).

Die idees van vaderskap en vaderafwesigheid is nie net krities nie maar is een van die hoogs belangrike en waardevolle funksies in Suid-Afrika (Richter *et al.*, 2012:3-4). Selfs die 2012-ontwerp van die Wit Skrif (draft White Paper) in Suid-Afrika op families het aanbeveel dat een van die strategieë vir die bevordering van familie-lewe moet wees dat vaderbetrokkenheid in die opbring van kinders aangemoedig word (Swartz *et al.*, 2013).

## 3. Die Skrif se plek in die formulering van vaderskap

Die beginsel van 'n *Sola Scriptura* word in hierdie artikel toegepas wat beteken deur die Skrif alleen (Hendrix, 2011:478) en dat die Bybel die hoofbron van gesag is vir die Christen en die kerk. Die voorneme van *Sola Scriptura* in hierdie artikel is Christosentries met die wete dat die Skrif die Woord van God is, want in die Woord word Christus geopenbaar. Daarvoor moet die Bybel gelees word om Christus te vind en rede en gebed gebruik word vir die leiding van die Heilige Gees. Die Bybel is sy eie interpreteerder en lei dus die kerk en die mens en nie andersom nie (Lion-Cachet, 1991). Christelike geloof en praktyk kan en moet bevestig word deur die Skrif alleen (Bowker, 2003).

God het sy Woord gegee om Christene te help om sekere situasies te hanteer in die lewe, soos ook die afwesigheid van die vader. Die Bybel verklaar in 2 Tim 3:16 en 17 die volgende:

> Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk (Bybel 1983).

Die Skrif is dus die sentrum en fundering wat riglyne vir lewensprobleme bied. Die Christen se lewe moet na God se doel gelei word sodat hulle in staat sal wees om die lewe ten volle en in harmonie met God te geniet. Hierdie harmonie of vrede was en word steeds versteur as gevolg van die sonde wat veroorsaak dat vader en kind vervreemd word van mekaar (Verhoef, 2011:14). Iedergeval is die Christen reeds in harmonie met God

omdat Christus die prys betaal het (Matt 27:32-56; Mark 15:21-41; 23:33-49; Joh 19:17-37; Kol 1:20) en die Heilige Gees werk in Hom om volgens die Woord in God se Wil te wandel (Joh 3:34-36). Net so bied die Woord riglyne vir die Christenman om hom goed voor te berei en ten volle toe te rus vir elke goeie ding wat Hy wil hê die man (vader) moet doen (2 Tim 3:17; vgl. ook 1 Pet 2). Vir die vader in die samelewing om sy vaderskapsrol op te neem moet hy eerste begin by die redding uit genade wat slegs deur Jesus Christus gebied word (Joh 1:12; Joh 5:16-47). Hierna moet hy die vrug van die Gees ondervang, want die Gees bepaal die Christen se leefstyl (Gal 5:22 en 25) om sy vaderskapsrol uit te leef. Die Woord verklaar ook in Joh 15:1-8 dat as ons in Hom bly en verbind is aan Hom sal ons vrug dra. Die Skrif is die boek waarin God Hom openbaar en waarin Hy spreek en ook die Woord van God (Joh 1:1). Niemand mag iets by die Woord van God voeg of wegneem nie (vgl. Op 22:18-19). Hierdie artikel gaan van die voorveronderstelling uit dat die Bybel die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God is.

### *3.1 God as Vader – metafoor in die Ou Testament*

Volgens Dobbs (2013:43) kom die eerste spesifieke verwysing na God as Vader voor in Deut 32:6 waar Moses ŉ lied sing oor die verbond tussen God en die Israeliete en waar Moses vra: “Is dit hoe julle die Here behandel, julle dom en onwyse volk? Is Hy nie jou vader wat jou geskep het nie? Het Hy jou nie gemaak en gevorm nie? Die verwysings in die Ou Testament na God se Vaderskap is eksplisiet (vgl. Deut 32:6; 2 Sam 7:14; Ps 68:6; Jes 63:16; Jer 3:19; Mal 2:10). Die Ou Testament verteenwoordig God as Vader van Israel veral deur sy funksies van Skepper, Beskermer en Verlosser (Dobbs, 2013:43). Vroeër is reeds aangedui dat God die Vader is van alle vlees, insluitend die mens (Jer 32:27; vgl. ook Job 12:10) en dit is ŉ aanduiding dat God ŉ tipe vaderbeeld aan alle mense voorstel (vgl. Jes 64:8; Num 16:22; Mal 2:10). Die Vaderskap van God moet gesien word as die toonbeeld van hoe die Christen aardse vaderskap moet nastreef. Daarbenewens word die oorsprong van menslike vaderskap uit die Vaderskap van God gebore (vgl. Steensma, 1995:183). God is die Vader van sy skepping en sy volk, en daarom word sy Vaderskap aangetoon sodat die menslike ouerskap daaruit kan voorspruit (vgl. Deut 32:6, 15, 18). God wil die mens op ŉ punt bring waar die mens God se wil beoefen en God wil ook die man by ŉ punt bring waar hy as vader sy rol en funksie vervul en uitleef soos wat God dit wil hê (vgl. Venter, 1991:1095). God is selfs ŉ Vader vir hulle wat geen familie het nie, en daarom het God as Vader passie vir hulle wat Hom vrees, en hier behoort die aardse vader dieselfde passie te hê vir sy kinders (Ps 103:13).

Die mens is ʼn feilbare wese en daarom is God die Vader se besorgdheid oor die mens vir ewig (Mal 3:17). God onthou die mens se toestand wanneer Hy die mens ondersoek. Hierdie aspek impliseer verder dat God ʼn vaderhart het wat help, en daarom help en ondersteun Hy sy kinders (vgl Ps 68:5). God is dus die Vader van almal en Hy is inderdaad ʼn versorger vir elke mens wat na Hom soek. Feenstra (1972:56) beskryf God as die oorspronklike Vader, want uit Hom is alle geslagte. Hy is die Ewige Vader van die Here Jesus Christus. God is nie net die Vader van die skepping nie, maar ook die Vader van die gelowiges en die Vader van ouds (vgl. Jes 63:16). Die volk Israel het God geïdentifiseer as hulle Vader en hulle is God se eersgeborene genoem (Ps 89:27; vgl. ook Kidner, 1975:323). God stel die beeld van menslike vaderskap reeds op ʼn baie vroeë stadium in Genesis 2:24 voor, waar die man sy ouers sal verlaat en sy vrou sal aankleef om weer sy rol as die hoof van sy huis te vervul. Die rede waarom die man van sy ouers afskeid neem, is om ʼn groter rol as vader in sy gesin te vervul en sy prominensie in die samelewing te laat geld (Gen 2:24).

Bergh (2002:50) beskryf die man as die patriarg van ʼn patriargale familie want wanneer die man van sy ouerhuis wegbeweeg en sy vrou aankleef, word hy as die vader met outoriteit gekenmerk (Gen 29:1-30; Eks 2:21-22 en Rig 9 en 15). Die kinders wat uit hierdie huwelik gebore word, is soms na die vader vernoem sodat die vader se naam voort kan leef. Jesaja 63:6 verklaar ook dat God die Vader van ouds is en daarom ag Hy vaderskap as van kardinale belang. God stel die vraag dat as Hy ons Vader is (Mal 1:6), waar is dan sy eer? Daar is nie eer en respek vir Hom nie. God verwag dat eer en respek aan Hom as Vader betoon word. Die volk het selfs geen eerbied en respek getoon aan hulle aardse vaders nie en hulle sal klaarblyklik die Vaderskap van God verwerp (Mal 2:10-11).

Die gevolgtrekking is dat die eerbied en respek vir God die grondslag is vir goeie vaderskap en dan sal die nodige respek en eerbied aan die aardse vaders betoon en bewys word, veral in die opvoedingsproses van kinders.

### *3.2 God as Vader – metafoor in die Nuwe Testament*

Die openbaarmaking van die Naam God in die Nuwe Testament is meer as ʼn metaforiese beeld. Dit is die Naam wat deur Jesus gegee word vir die een wat genoem word die eerste persoon in die drie-eenheid (Dobbs, 2013:42).

- **God se Vaderskap word in Jesus geproklameer**
  God proklameer sy Vaderskap in Jesus, want in Johannes 1:1 en 14 word die konsep van ʼn ‘ver’ God (Ou Testament) met die koms van

Christus (Nuwe Testament) as God en Vader vernietig (vgl ook Joh 7:28-29). God is nie ŉ "veraf" God nie want as Skepper laat vaar Hy nie die werke van sy hande nie (Hoepfner, 2009:61). Jesus noem God sy Vader en die Vader van almal (Joh 5:18-47; Joh 8:19, 25-30; Joh 10:29-30) en daarom bewys God juis sy liefde in Jesus sodat die mens sy oë op God die Vader kan vestig vir ŉ hoopvolle toekoms (Hoepfner, 2009:61). As Jesus spreek is dit eintlik God wat self tot ons spreek (Joh 14:6; Matt 11:27 en Heb 1:1).

- **God as Enigste Vader**

  Gelowiges word die kinders van God, en Jesus Christus is hulle oudste broer (Heb 2:11-13; Heb 8; vgl ook Rom 9). In Johannes 8:41 sê Jesus dat God die Enigste Vader is wat ons almal het en ons is sy ware kinders. Johannes 17:3 spreek ook van God as die Enigste ware God wat Jesus Christus gestuur het, en as die aardse vader Hom eerste stel in sy plig van vaderskap sal hy en sy gesin die ewige lewe beërwe. Die Bybel gebruik ook die titel "Vader" as een van die primêre name wat Christene kan gebruik om met God te assosieer en te identifiseer. As Christene dit doen, identifiseer hulle hulself as kinders wat aan die familie van God behoort (vgl. Family Life, 1998:10). Jesus leer ook sy dissipels om dieselfde te doen en dit is om God as Vader te noem (Dobbs, 2013:43).

- **God se Vaderskap is ewig**

  In Efesiërs 3:15 (Nuwe Internasionale Vertaling) sê Paulus dat vaderskap sy oorsprong in God het. Alhoewel God se Vaderskap met die aardse vaderskap onvergelykbaar is, is die menslike vaderskap die afbeelding van die ewige vaderskap in God (vgl. Grobler 2010:391; Steensma 1995:185). God word verder as Enigste Vader in die hemel bestempel toe Jesus die skare beveel om niemand op aarde vader te noem nie behalwe vir God (Matt 23:9). Hierdie hele Skrifgedeelte in konteks word eintlik teen die leraars, Fariseërs en die skrifgeleerdes bedoel en is nie van toepassing op hulle wat deur Jesus se genade gered is nie.

- **God vereis ŉ persoonlike verhouding met sy kinders**

  Die Bybel openbaar vier primêre verhoudingsbande van God as Vader: Hy is die Vader van die skepping, van die nasies, van die Here Jesus Christus en van al die gelowiges (vgl. Joh 1:12; Ef 3:16; Matt 6:9; Rom 8:15 en Hand 17:24-28). God wil in ŉ verhouding met sy kinders staan en daarom die herhaalde oproep tot bekering van die mens (vgl. Hoepfner, 2009:61). Die rede waarom God na ŉ persoonlike verhouding verlang met sy kinders is omdat Jesus in Matteus 5:16 verklaar dat die Christen se lewenswyse goed moet wees en hul lig so moet skyn dat God die

Vader wat in die hemel is, verheerlik mag word. God is die Vader van die ligte en daarom kan die aardse vader nie sy lig wegsteek nie, maar laat skyn, wat wys na sy persoonlike verhouding met God. In Johannes 17:3 word daar melding gemaak van God as innige Vader van Jesus Christus wat Hy gestuur het na die wêreld. Hierdie Skrifgedeelte is ook ŉ goeie aanduiding van die verhouding tussen God en sy seun Jesus. Die aardse vader moet dieselfde weerspieël deur in goeie verhouding met sy kinders te staan.

- **Die fundamentele belangrikheid van aardse vaderskap**
  Die Christenvader in die patriargale struktuur beklee ŉ skarnierposisie tussen sy gesin en die situasie en omstandighede buite, en sy grootste verantwoordelikheid is die versorging en voorsiening van sy gesin (Swartz *et al.*, 2013). In 1 Tessalonisense 2:11-12 beklemtoon Paulus op sy manier die fundamentele belang¬rikheid van vaderskap en hy verwys daarna om tot eer van God te lewe. Paulus het hier ŉ tipe vaderskapsrol verteenwoordig waar hy die vader van verskeie gemeentes was wat hy gestig het. Paulus het nie net goeie dade en dinge voorgeskryf nie, hy het dit ook uitgelewe. Hy verwys na die mense wat hom en sy medegelowiges baie goed behandel het in die volgende uitdrukking: "behandel hulle soos wat ŉ vader sy eie kinders sal behandel" (vgl. 2 Kor 6:11-13; Gal 4:19-20). Hierdie verduideliking van Paulus oor die belangrikheid van vaderskap is die opneem van verantwoordelikheid, morele gedrag en selfs teregwysing (1 Kor 4:14-21).

- **Die belangrikheid van God se Vaderskap gee betekenis aan die man se belangrike rol as vader**
  Die Skrif verduidelik die belangrikheid van God se Vaderskap in die gestalte van Jesus Christus (Joh 8:19-20; 10:29-30, 36; vgl ook Hoepfner, 2009:9-62). Die man of vader is volgens Efesiërs 5:23 die hoof en leier van die vrou maar sy primêre verantwoordelikheid binne die raamwerk van die gesin is om sy vrou lief te hê (vgl. Ef 5:25). Die man as vader binne sy gesin het dus ŉ verantwoordelikheid om sy vrou en kinders te wys op die Vaderskap van God deur hulle te onderrig en die pad te wys wat hulle moet volg net soos wat Paulus ŉ geestelike vader vir die Korinthiërs was en aan hulle dit so verduidelik in 1 Korintiërs 4:14-16.

- **Die eienskappe van God die Vader moet beoefen word deur die aardse vader**
  Volgens Mattheus 7:7-11 bring Jesus die eienskappe van God die Vader in konteks met wat die aardse vaders eintlik moet doen. Die vaderskap van die man kan sinvol wees wanneer hy sy vaderskap uit die Woord

van God beoefen en God se eienskappe toepas in die gesin. Een van die kenmerkendste eienskappe van God is sy goedheid. God is die Vader en Gewer van goeie gawes en daarom moet die aardse vaders ook weet om goeie dinge aan hulle kinders te gee as hulle vra (Luk 11:9-13). Die goeie gawes wat God as Vader gee, maak God ’n besondere Vader vir die mens weens sy oorvloedigheid in goedheid, verdraagsaamheid en geduld (vgl. Rom. 2:4; 11:22). Jesus verduidelik ook in Lukas 11:9-13 (vgl. ook Mark 14:36 en Gal 4:6) dat sy volgelinge die naam *Abba* moet gebruik, wat ’n intieme aanspreekvorm vir God is soos wat Hyself vir God die Vader aanspreek (Hoepfner, 2009:50-51). *Abba* beteken vader volgens ’n Griekse transliterasie van ’n Aramese woord (vgl. Hoepfner, 2009:50). Soos wat Jesus vir God as Abba aanspreek is die veronder-stelling dat die Christenvader en selfs sy kinders God as Abba kan aanspreek (vgl. Lotter & Hoepfner, 2011:564). Die Christenvader en sy gesin moet hierdie aanspreekvorm deel maak van hul woordeskat (vgl. Hoepfner, 2009:60 & 62). Die betekenis van *Abba* is besonders veral in die konteks van ’n gesin (vader-kind-verhouding) en word verder vertaal as *pappas*, *papas* en *po-i-*, wat beteken om te beskerm en om aandag te gee en selfs om te gehoorsaam (Strong, 2006:5; Hoepfner, 2009:51; Parker, 2008:42; Pfafflin, 1993:63).

- **Kenmerke uit die Skrif wat spreek van God die Vader se genade en hoe die Christenvader daardeur baat kan vind**

  In 2 Johannes 3 word daar pertinent gesê dat genade, barmhartigheid, liefde en vrede kom van God en dat veral genade oorvloedig is van God. Hierdie genade is ook vir die aardse vader om dit uit te leef en toe te pas binne die konteks van sy familie. Die aardse vader is ’n sondaar maar gered uit genade deur Jesus Christus (vgl. Ef 1:7, 2:8-9; Rom 5:6-11; 1 Pet 1:18-22, 3:18; 1 Joh 2:12). Hy moet daarom nederig wees en besef dat hy slegs uit genade lewe. God die Vader is nie net genadig nie maar Hy is ook liefdevol en wat Hom ontferm oor ons (Jud 1 en 2; 1 Joh 3:7-21). Die Christenvader moet dus op dieselfde wyse liefdevol optree teenoor sy gesin. Hy moet hom ontferm oor sy kinders, want die welstand van sy kinders kan beskerm word wanneer hy onvoorwaardelike liefde en ontferming toon binne die raamwerk van sy gesin.

## 4. Skrifperspektiewe en literatuur van menslike vaderskap in die Ou en Nuwe Testament

### In die Ou Testament

God het met die skepping die mens geskape (Gen 1:26) maar ook het God hul manlik en vroulik geskape (Gen 1:27; 2:22; 5:1-3). God het Adam as vader en Eva as moeder geskape en het reeds onderskei watter rolle Adam en Eva moes vervul. Die man (vader) en die vrou (moeder) het al die nodige kwaliteite om as vader en moeder te funksioneer (Gross, 1999:69). Volgens Genesis 2:24 sal die man sy ouers verlaat en sy vrou aankleef, wat impliseer dat die man sy vader en moeder verlaat om sy verantwoordelikhede en pligte as vader binne sy eie gesin na te kom. Alhoewel God die vrou (moeder) as die man (vader) se helper en gelyke geskape het, word die vader soms as die verantwoordelike figuur gesien, veral binne die konteks van die gesin om aan veral aspekte soos berading, dissipline, emosionele nabyheid, ens. aandag te gee (Bartlett, 2013:20). Volgens die Bybel is beide vader en moeder verantwoordelik voor God om hul kinders uit die Woord van God te leer en te begelei in die weë van die Here sodat hierdie kinders dit in hul daaglikse lewe uitleef en reg kan lewe voor God en hul ouers (Deut 6:4-9; Spr 1:8 en 9). Die leringe van die Christenvader en -moeder wat ook Bybelse beginsels genoem kan word, sal wees soos kranse en kettings wat ŉ versiering is om ŉ kind se nek (vgl. Spr 1:9).

Vir God is die vader en die moeder ewe en baie belangrik: daarom beveel Eksodus 21:15 dat ŉ mens nie jou vader of jou moeder leed mag aandoen nie. In ŉ gesinsvorm was die oudste manlike lid van die gesin kenmerkend by die aartsvaders. Hierdie sentrale gesagsfiguur word die vader van sy eie gesin en tree op as regeerder, priester, opvoeder en bestuurder van sy familie (vgl. Bergh, 2002:60; Freeks, 2011:204-206). As dit kom by die keuse van ŉ huweliksmaat was dit bepaal deur die ouers, veral die vader (Bergh, 2002:60). Bergh wys ook daarop dat die vader in die seun bly voortleef het, selfs wanneer die seun in sy eie huwelik gestaan het (2002:60). Uit ŉ kulturele oogpunt bly manlike leierskap ŉ sterk idee, veral waar die konsep "*familie*" deur die huwelik ingestel word waar die man die hoof is en die verantwoordelike ouer as dit kom by die voorsiening in die gesin (vgl. Popenoe, 1996). Die manlike broodwinner is sentraal aan die tradisionele gedagte van vaderskap (Koenig-Visagie *et al.*, 2013:2). Die Christen manlike geslag hou ook tradisioneel verband met die idee van die man as die stryder (Viljoen, 2011:317).

God het die vader in die amp van ouerskap aangestel en sy rol van vaderskap is om teenwoordig en beskikbaar te wees sodat lewenswyshede aan kinders gekommunikeer kan word (vgl. Bergh, 2002:117). Volgens Spreuke 10:1 is wyse kinders vir die vader in die patriargale gesin ’n trots en dwase kinders ’n grief vir hulle moeders. Dus is die onderwysing en waarskuwing vanaf die vaderhart na die kind van kardinale belang (vgl. Ps 128).

Die groot waarde wat God aan vaderskap heg blyk duidelik uit die gebruik in die Ou Testament waar vaders hul seuns moes seën (Gen 27:34-38). In ’n ander geval het vaders hulle eerbied vir God bewys deur die bereidwilligheid om hul seuns te offer, terwyl die seuns op hulle beurt reageer deur die vader se wil te erken (Gen 22:12). Die vader wat sy seun gebruik om die guns van God die Vader te verkry, is inderdaad deur God die Vader begunstig en die seun wat nie sy vader se wil bevraagteken nie en wat sy lewe in die hande van sy vader plaas, blyk ’n goeie vorm van gedrag by kinders te wees soos byvoorbeeld eer en gehoorsaamheid (Gen 22:16-17; vgl. ook Deut 5:16; Eks 20:12). Selfs in Maleagi 1:6 word verduidelik dat die seun sy vader moet eer en met respek moet behandel. Vaders moet aanbeveel word om hulle seuns te leer en te onderrig in geloofserfenis en verpligting. Hierdie selfde vader-seun-verhouding is dinamies en betekenisvol want dit word uitgebeeld en beskryf in die verhouding tussen God en Israel, waar na Israel as die seun van God verwys word (Deut 14:1).

Dit was die plig van vaders in die Bybelse tyd om by die jong kinders betrokke te wees en hulle te versorg, op te voed en goed te behandel (Forster, 1993:2). Vaders moes hulle betrokkenheid bewys en toon aan die kinders, en die eienskappe van so ’n vader was omgee, beskerming, voorsiening, speel, sosialisering en aktiwiteite te doen (vgl. Bergh, 2002:60, 108-109; Forster, 1993:2-5). Hierdie betrokkenheid van die vader was omvangryk veral wanneer babas gebore word, want so het hy sy rol as vader uitgeleef (vgl. Parker, 2008:62-63; Freeks, 2004:89-90; Forster, 1993:5). Die opvoedingstelsel in die gesin was byvoorbeeld daarop gerig om die kind geestelik en sosiaal toe te rus (Bergh, 2002:60; Forster, 1993:2).

Dit blyk dus dat vaders uit die Bybelse tyd hulle rol en verpligting uitgeleef het. God die Vader het dit so gesien en geseën. Hierdie goeie Bybelse manier van vaderskap het egter volgens die skrywer verval en uitgesterf, en daarom is die doel van hierdie artikel om juis hierdie faset van noodsaaklike Skrifgefundeerde vaderskap as *antwoord* op die voortslepende probleem van vaderafwesigheid in Suid-Afrika na vore te bring.

## In die Nuwe Testament

Die Vaderskap van God is ŉ sentrale konsep in die Nuwe Testament wat beter verstaan kan word as daar na Jesus Christus gekyk word (Hoepfner, 2009:47). Die Bybel verklaar in Efesiërs 5:21 dat beide man en vrou aan mekaar onderdanig moet wees vir die feit dat hul respek het vir Christus en wat Hy vir hul gedoen het. In vers 22-23 gee Paulus ŉ dieper betekenis van die woord *onderdanig*. Hy sê die vrou moet onderdanig wees aan die man soos wat sy onderdanig is aan die Here. Hierdie woord dui ook op die respek vir die man soos wat Paulus dit beskryf in vers 33: die vrou moet haar man respekteer. In vers 23 beklemtoon Paulus die man of vader se status as hoof (ander vertalings praat van leier) van die vrou en hier gebruik Paulus ŉ simboliek om die verhouding tussen Christus en die kerk te beskryf. Christus is die hoof (man) en die kerk is die bruid (Ef 5:32). Alhoewel die verhouding tussen Christus en die kerk simbolies beskryf word, plaas God nogtans sy seël op die man om sy rol van vaderskap binne die konteks van die gesin in te neem, veral in die uitoefening van verantwoordelikheid, morele gedrag en teregwysing sodat sy kinders tot eer van God kan lewe (vgl. Bergh, 2002:120). Paulus gebruik hierdie selfde beeld in 1 Tess 2:11-12 waarna hy na homself verwys as ŉ pa wat sy eie kinders (gemeente) aanspoor en aanmoedig om tot eer van God te lewe. Selfs die gedeelte in 1 Korintiërs 4:15 dui op die geestelike vaderskap van Paulus aan die Korintiërs, wat ŉ ideale manier sou wees van hoe die vader sy kinders geestelik lei en onderrig. Bogenoemde gee aanduiding dat die vader in die patriargale gesin ŉ skarnierposisie beklee tussen die gesin en die lewe buite die gesin. In hierdie selfde posisie staan die universele Vaderskap van God agter elke man om die verhouding in die gesin te orden en te lei (Lotter & Hoepfner, 2011:564). Dus het die woord *vader* ŉ unieke funksie in die gesin want dit bring die gedagte van sorg, wag, beskerm en aandag gee (Parker, 2008:62).

Hierdie betekenisse van *vader* kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die verlore seun van wie in Lukas 15:18 vertel word, is van voorneme om na sy vader se huis terug te gaan, want daar is die beskikbaarheid van voedsel, huisvesting en beskerming. Wat hierdie gedeelte impliseer is dat vaders beskerming bied, huisvesting gee en sorg vir veiligheid (vgl. Frost, 2002:77-78). Die terugkeer van die verlore seun het die hart van die vader bly gemaak, want die kind is terug om by sy vader te bly (Luk 15:11-32). In die tyd van Jesus is daar van seuns verwag om by die huis te bly tot na die vader se dood en as hulle dan volwasse genoeg was, kon hulle die huis verlaat (vgl. White, 1994:1-2). Een van die grootste rolle van die vader is die versorging en voorsiening van sy gesin: as die vader dit nie kon doen nie, het hy die geloof verlaat en was slegter as ŉ ongelowige (1 Tim 5:8). Dit is daarom dat

die vader en die moeder die bron is van die gesin, nie net in die biologiese betekenis daarvan nie, maar ook om interaksies met die kinders daar te stel sodat hierdie strukture van die samelewing gevorm en versterk word (vgl. Van Aarde, 1999:97). ŉ Ideale voorbeeld van so ŉ gesinstruktuur is waar die moeder onderdanig moet wees aan die vader soos wat sy aan die Here is (Ef 5:22) en die vader moet sy vrou liefhê (Ef 5:25). Jesus Christus is ŉ goeie voorbeeld van ŉ kind wat sy lewe in die hande van sy Vader geplaas het en wat nie sy Vader se wil bevraagteken het nie (vgl. Joh 11:17-18; Joh 17; Matt 26:39 en 42, 27:45-46, Mark 14:36, 15:34; Luk 22:42-44, 23:46).

Dus moet die rol van die aardse vader in die huisgesin van so ŉ aard wees dat die gesin hulle vertroue en selfs hulle lewe sal plaas in die hande van die vader wat sy krag en sterkte van die hemelse Vader ontvang.

Perrin *et al.* (2009:315-316) veronderstel dat seuns ŉ *vaderhonger* ervaar. Hierdie seuns het wel moeders, maar die behoefte en begeerte na ŉ vader is blywend vir hulle. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die vader se goeie optrede ŉ sterk band van liefde tussen sy seun en homself daarstel. As die seun se liefde vir die vader op aarde groot waarde het, sal sy liefde vir God as Vader ook vir hom belangrik wees (vgl. Verhoef, 2011:14).

Van Aarde (1999:97) het destyds beweer dat Jesus Christus vaderloos en sonder identiteit is, soos gesien uit die oogpunt van die mens en sy sosiokulturele konteks. As die seun van Josef en Maria blyk dit of Jesus Christus nie die status gehad het om ŉ kind van God genoem te word nie. Hy was selfs aangesien as deel van die onwettige geslag, in die konteks van “vaderloosheid” (vgl. Van Aarde, 1999:112). In teenstelling hiermee word Jesus Christus egter volgens die Bybel as die Seun van God voorgestel, wat gebore is deur die Gees om God se Vaderskap bekend te maak en te demonstreer (vgl. Joh 8:54 en 58; 14:6-14; 1 Joh5:1-12). Dit is ook die siening van die skrywer.

Een van die indringende sosiale probleme van ons tyd is die feit dat miljoene kinders grootword sonder ŉ vader en dat hulle gebuk gaan onder die stigma van “vader¬loosheid” (Freeks, 2013:3-4). As daar nie ŉ manlike figuur in die huisgesin is nie, en die vrou die rol van ŉ vaderfiguur inneem, bly die soeke na ŉ vader onbeantwoord (Barker, 2000:195; vgl. ook Freeks, 2013:2-3). Alhoewel die vader en die moeder verskillende geslagsrolle en rolverwagtinge het, was daar al destyds aanbeveel dat die vader meer betrokke moet wees by kinders – nie net instrumenteel nie, maar ook affektief (vgl. Bergh, 2002:81-86). Hier moet die vader se liefde vir die kind onvoorwaardelik wees en die kind in alle fasette van sy lewe ondersteun. Vir hierdie rede is die skrywer van mening dat vaderskap weer omvorm moet word met ŉ sterk

Bybelse inslag sodat die toekoms vir die kind herstel kan word. Een van die maniere hoe die kind se toekoms herstel kan word, is wanneer die vader as hoof en geestelike leier weet dat hy verantwoordelik is vir die oordrag van Bybelkennis en veral die vaslê van Christelike waardes by die kind (Lotter & Hoepfner, 2011:562).

God vereis ŉ versorgende vader om vir sy eie gesin te kan sorg en om te gee (Niskanen, 2006:397). Hierdie vader moet voldoen aan die versorgende eienskap en dit prakties uitleef deur sy seun te help om eendag self as ŉ goeie vader op te tree (vgl. Niskanen, 2006:397-407; Van Leeuwen, 1999:1166-1167). Na aanleiding van Lukas 11:13 word aardse vaders vermaan om nie hulle kinders te mislei as dit daarby kom om goeie dinge vir hulle kinders te gee nie. God as Vader gee sy goeie gawes vir almal wat dit vra en ook sy geestelike seëninge aan sy kinders. Jesus Christus sê dat dit ŉ werklikheid sal word vir diegene wat met vertroue en sekerheid vra. Die vis, slang, eier en skerpioen wat in Matteus 7:7-11 genoem word, is simbolies van aard en gee sekerheid en waarborg aan die vader wanneer hy God nader op die drie wyses van vra, soek en klop. Die terme *vra*, *soek* en *klop* toon aan dat veral in die geval van die vader, hy God met ŉ verwagtende houding moet nader, want God as Hemelse Vader sal reageer met *goeie gawes*. Jesus verwag dat die aardse vader ook so sal reageer wanneer sy kinders *goeie dinge* vra (vgl. Matt 7:7-11; Luk 11:11) en wanneer hy eienskappe van God die Vader vertoon soos om goeie dinge vir sy kinders te doen (Matt 7:11). In hierdie selfde teks word God as Vader se vrygewigheid aan die aardse vaders bewys waar Jesus Christus meld dat God as Vader sy volk beter behandel as wat hulle mekaar behandel.

As die vader nie voldoen aan hierdie versorgende eienskap nie bly hy volgens die skrywer onbetrokke en ervaar primêr ŉ vrees vir mislukking en sekondêr ŉ lae vaardigheidsvlak ten opsigte van sy onbevoegheid op die gebied van besorgheid.

Vaderafwesigheid het geweldige gevolge, soos byvoorbeeld aggressiewe gedrag, selfbeeldprobleme, frustrasie, gevoel van mislukking, skuldgevoelens en homoseksuele gedrag onder kinders (vgl. SAIRR, 2013:6; Almond, 2006:115; Bartlett, 2013:2; Freeks, 2013:3-9). Dit is dus as gevolg van hierdie probleme dat die belangrikheid van die vader weer beklemtoon moet word en die Skrif gesien word as antwoord op hierdie probleme.

Die vader word veral belangrik en waardevol beskou waar hy byvoorbeeld advies aan sy kinders moet gee met betrekking tot praktiese aspekte soos troue, herdenkings, seremonies of funksies, oorloë en ander fasette (Bergh, 2002:81-86). Sy vaderlike rol vereis verder om sy kinders goed op te voed deur

dissipline toe te pas sodat hul gehoorsaam sal wees soos wat die Skrif vereis van kinders (vgl. Spr 13:24; 22:15; 23:13-14; 29:15 en 19; Eks 20:12; Matt 21:28-31). Gehoorsaamheid aan die vader maak die gesin sterk, betroubaar en standvastig teen die uitdagings van die lewe (vgl. Pilch, 1993:104). Die vader se rol in die gesin is ook nie net om God te verteenwoordig nie, maar hy moet ook die een (vader) wees wat verseker dat God aanbid en gehoorsaam word (Freeks, 2013:17-19). In Efesiërs 6:1-3 word daar pertinent aanbeveel dat kinders hulle vader en moeder moet eerbiedig en gehoorsaam sodat God as Hemelse Vader verheerlik kan word (vgl. ook Parker, 2008:45). Vir die skrywer is dit kommerwekkend dat sommige mans nie ŉ intieme band met hul aardse vaders het nie en projekteer dan gewoonlik hul kwade gevoelens teenoor hulle vaders na God. Sulke gesindhede kan hulle geestelike groei verhinder (vgl. Richter *et al.*, 2012:3; Freeks, 2004).

In die tyd toe Jesus Christus God sy Vader genoem het, het sy volgelinge uit gehoorsaamheid en onderdanigheid God as hemelse Vader erken (Joh 8:19; Joh 10:29-30, 36-38; Joh 14:1-2, 6-13; Joh 17:1-8; Matt 26:29; Heb 2:11-13). Jesus Christus het as vader ook op ŉ "moederlike" manier opgetree, toe Hy by die laaste Paasmaaltyd die laaste plek by die tafel ingeneem het om die ander te bedien, hulle verkeerdhede met passie te vergewe en selfs hulle wonde te genees (vgl. Matt 26:17-21; Mark 14:12-18; Luk 22:7-20).

In hierdie artikel kom dit duidelik na vore dat Skrifgefundeerde (*Sola Scriptura*) vaderskap ŉ antwoord kan bied op die probleem van vaderafwesigheid in Suid-Afrika.

## 5. Gevolgtrekking

Die Skrif se openbaarmaking van God as Vader deur sy seun Jesus Christus en sy reddende genade voorsien nie net kennis en inligting in die Skrif nie maar basiese hulp, advies en betekenisvolle insig aan die vader in ŉ tyd en era van vaderafwesigheid. Die vader het ŉ rol van ŉ gesagsfiguur en is geroep deur God as Vader om hierdie rol en roeping binne die raamwerk van die gesin uit te leef. Die Suid-Afrikaanse samelewing het ŉ ernstige behoefte aan Skrifgefundeerde vaderskap as antwoord op die voortslepende probleem van vaderafwesigheid. ŉ Goeie vader sou ŉ man wees wat ŉ voorbeeld stel deur God na te volg. Vaders moet daarna strewe om God as Vader se voorbeeld te volg van genade, ontferming, voorsiening, beskerming, omgee en om liefdevol op te tree. Aardse Christenvaders is verplig en aanspreeklik om God se beeld van goeie vaderskap te reflekteer sodat andere kan sien wat dit beteken om ŉ liefdevolle verhouding met die

Skepper van die hemel en aarde te hê. Ware en opregte vaderskap kan weer deur die Skrif herstel word. Die skrywer is daarvan oortuig dat die enigste manier om die negatiewe statistieke van vaderafwesigheid in Suid-Afrika te verander is om Jesus Christus aan te neem as die enigste Verlosser. Selfs die probleem van vaderloosheid kan tot die minimum beperk word wanneer daar ernstig besin word oor die reddende genade van Jesus Christus vir die Christengesin. Aardse vaders kan die sonde van vaderloosheid en vaderafwesigheid kanselleer deur Jesus Christus toe te laat om nuwe lewe by hulle te laat ontstaan. As Christenvaders dit wel toelaat, kan die vloek van sonde, wat ook die dood meebring, gebreek word. In Maleagi 4:6 staan dat God weer die vaders en kinders bymekaar wil bring; anders sal Hy kom en ons land vernietig.

## Bibliografie

ALMOND, B., 2006. *The fragmented family*. New York: Clarendon Press.

ANON., 1998. Fathers are important: you and your pre-schooler. *Pace*, 36, May.

AUSTIN, M.W. 2007. *Conceptions of parenthood: ethics and the family*. Hampshire: Ashgate Publishing Limited.

BARKER, P.M. 2000. Soul man. *The Journal of pastoral care*, 54(2):195-196, Summer.

BARTLETT, E. 2013. Die impak van afwesige vaders op adolessente meisies se psigososiale welstand Hons skripsie, Departement van Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

BENGHIAT, L., 2001. Ons kinders is opgebruik. *Insig*, 64, Jun.

BERGH, S.J., 2002. Gesinsbediening as ʼn geïntegreerde deel van die opbou van die gemeente. Doktorale tesis, Departement van Praktiese Teologie, UOVS, Bloemfontein.

BOWKER, J. 2003. Sola Scriptura in the concise Oxford dictionary of world religions. Oxford University Press.

BROWN, G.L., SCHOPPE-SULLIVAN, S.J, MANGELSDORF, S.C & NEFF, C. 2010. Observed and reported supportive coparenting as predictors of infant-mother and infant-father attachment security. *Early child development and care*, 180(1/2):121-134, Jan-Feb.

BYBEL, 1983. *Die Bybel:* Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMBELL, C., 1994. *Township families and youth identity*. Pretoria: Human Science Research Council.

DEAL, R., 2010. Monitoring the impact of divorce and remarriage on families: important new findings. *Christian counselling*, 18(2):48-50.

DOBBS, P., 2013. The impact of fatherlessness on the way one relates to God as Father. Masters of Theology, Department of Theology and Religious Studies, University of Otago.

FAGAN, J., PALKOVITZ, R., ROY, K. & FARRIE, D., 2009. Pathways to paternal engagement: longitudinal effects of risk and resilience on non-resident fathers. *Developmental psychology*, 45(5):1389-1405.

FAMILY LIFE, 1998. A declaration of timeless values, viewed 27 March 2014, from http://www.familylife.org.za/manifesto.html.

FAMSA Potchefstroom, 2012. Algemene jaarvergadering. Augustus 21, (Ongepubliseerd).

FATHERS FOR LIFE, 2013. Children of divorce and separation-statistics: consequences of father absence, Census, viewed 19 June 2014, from http://fathersforlife.org/ divorce/chlddiv.htm.

FEENSTRA, J.G., 1972. *Leer en lewe*. Pretoria: Sacum.

FORSTER, B., 1993. The biblical omen and evidence for the nurturance of children by Hebrew males. *Judaism*, 42(3):321, Summer.

FRANKLIN, J., 2011. My turn: time well spent with family is the most rewarding father's day gift. The Daily Breez, viewed 12 September 2014, from http://www.dailybreez.com/general-news/20110616/my-turn-time-well-spent-withfamily-is-the-most-rewarding-fathers-day-gift.

FREEKS, F.E., & LOTTER, G.A., 2009. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitwerking van afwesige vaders: 'n verkennende kwalitatiewe ondersoek in die Promosa-gemeenskap. *Koers*, 74(3):519-534.

FREEKS, F.E. & LOTTER, G.A., 2011. Waardes en die noodsaak van 'n karakteropvoedingsprogram binne kollegeverband in die Noordwes-Provinsie: verkenning en voorlopige voorstelle. *Koers* 76(3):577-598.

FREEKS, F.E., 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Prakties-teologiese studie. Meestersverhandeling, Departement Praktiese Teologie, PU vir CHO, Potchefstroom, Suid-Afrika.

FREEKS, F.E., 2011. The role of the father as mentor in the transmission of values: A pastoral-theological study. Doctoral thesis, Department of Theology, North-West University, Potchefstroom, South Africa.

FREEKS, F.E., 2013. *Dad is destiny: the man God created to be*. Ivyline Technologies, Potchefstroom.

FROST, J., 2002. *Experiencing father's embrace*. Inc., Shippensburg: Destiny Image Publishers.

GOODSELL, T.L. & MELDRUM, J.T., 2010. Nurturing fathers: a qualitative examination of child-father attachment. *Early Child Development and Care*, 180(1&2):249-262, Jan-Feb.

GROBLER, H.B., 2010. The role of God in the father/son relationship during identity formation-a gestalt theoretical perspective. *Koers*, 75(2):387-403.

GROSS, S., 1999. Intersexuality and Scripture. *Theology and Sexuality*, 11, 65-74, Summer.

HENDRIX, S.H. 2011. Solar Scriptura. In: I.A. McFarland et al. (Ed), The Cambridge dictionary of Christian theology, [electronic resource], *Cambridge University Press*, New York, pp 478-479.

HOEPFNER, H.G., 2009. Die betekenis van die vaderskap van God in die pastorale begeleiding van aangenome kinders. Doktorale tesis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Suid-Afrika.

HOLBORN, L. & EDDY, G., 2011. First steps to healing the South African family. Johannesburg, South African Institute of Race Relations.

KIDNER, D., 1975. *Genesis*. Leicester: Inter-Varsity Press. (Tyndale Old Testament commentaries.)

KOENIG-VISAGIE, L.H. & VAN EDEN, J., 2013. Gendered representations of fatherhood in contemporary South African church imagery from three Afrikaans corporate churches. *Verbum et Ecclesia*, 34(1):1-12.

LANGA, M., 2010. Adolescent boys talk about absent fathers. *Journal of psychology in Africa*, 20(4):519-526.

LARNEY, T., 2009. Die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n Pastorale studie. Doktorale tesis, Departement van Praktiese Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Suid-Afrika.

LION-CACHET, F.N. 1991. Die Christusgetuienis in die Ou Testament – 'n belydenis werklikheid. *In die Skriflig*, 25(1):97-113.

LOTTER, G.A. & HOEPFNER, H.G., 2011. Die pastorale begeleiding van die aangenome kind met betrekking tot die Vaderskap van God. *In die Skriflig*, 45(2&3):551-568.

LUPTON, D. & BARCLAY, L., 1997. *Constructing fatherhood: discourses and experiences*. London: Sage.

MADHAVAN, S., TOWNSEND, N.W. & GAREY, A.I., 2008. Absent breadwinners: father-child connections and paternal support in rural South Africa. *Journal of South African studies*, 34(3):647-663.

MALLERS, M.H., CHARLES, S.T., NEUPERT, S.D. & ALMEIDA, D.M., 2010. Perceptions of childhood relationships with mother and father: daily emotional and stressor experiences in adulthood. *Development psychology*, 46(6):1651-1661.

MANDARA, J., MURRAY, C.B. & JOYNER, T.N., 2005. The impact of fathers' absence on African American adolescents' gender role development. *Sex roles* 53(3/4):207-220.

MARTIN, A., RYAN, R.M. & BROOKS-GUNN, J., 2010. When fathers' supportiveness matters most: maternal and paternal parenting and children's school readiness. *Journal of family psychology*, 24(2):145-155.

MINTLE, L. 2010. Family help for autism spectrum disorders. *Christian counseling today*, 18(2):27-30.

MUNROE, M., 2008. The fatherhood principle: priority, position, and the role of the male. New Kensington, Whitaker House.

NERREN, J.W., 2008. Filling the gap: the impact of male primary teachers on the early school success of father-absent boys. Doctoral thesis, Capella University.

NEWLAND, L.A. & COYL, D.D., 2010. Fathers' role as attachment figures: an interview with sir Richard Bowlby. *Early Child Development and Care*, 180(1&2):25-32, Jan-Feb.

NHLAPO, R.T., 1998. Harmonisation of the common law and indigenous law. South African Law Commission Act, 1973 (Act 19 of 1973. 9 May, Pretoria, South African Law Commission.

NISKANEN, P. 2006. Yhwh as Father, Redeemer, and Potter in Isaiah 63:7-64:11. *Catholic Biblical Quarterly*, 68(3):397-407.

OLIKER, D.M., 2011. The importance of fathers. *Psychology Today*. Viewed 12 September 2014, from http://www.psychologytoday.com/blog/the-long-reach-childhood-/201106/the importance of fathers.

PARKER, E.I., 2008. The attributes of God the Father in the covenant: a Pastoral foundation for fathering. Doctoral thesis, Department of Practical Theology, North-West University, Potchefstroom, South Africa.

PERRIN, P.B., BAKER, J.O., ROMELUS, A.M., JONES, K.D. & HEESACKER, M., 2009. Development, validation, and confirmatory factor analysis of the father hunger scale. *Psychology of Men & Masculinity*, 10(4):314-327.

PFAFFLIN, U., 1993. The abortion of fathers: reflections on the construction of parenting in psychological, sociological and theological perspectives. *Encounter*, 54, 59-78, Winter.

PILCH, J.J., 1993. Beat his ribs while he is young: a window on the Mediterranean world. *Biblical theology bulletin*, 23, 101-113, Fall.

POPENOE, D., 1996. A world without fathers. *Wilson Quarterly*, 20(2), 12-16, Spring.

RICHTER, L., DESMOND, C., HOSEGOOD, V., MADHAVAN, S., MAKIWANE, M., MAKUSHA, T., MORREL, R. & SWARTZ, S., 2012. Fathers and other men in the lives of children and families: Strategies to overcome poverty and inequality. Paper presented at Towards Carnegie 111 conference, University of Cape Town, 07 September.

SAIRR, kyk Suid-Afrika.

SALIHU, H.M., AUGUST, E.M., MBAH, A.K., ALIO, A.P., LO BERRY, E. & ALIYU, M.H., 2014. Impact of a federal healthy start program on feto-infant morbidity associated with absent fathers: a quasi-experimental study. *Maternal and child health journal*, viewed 09 October 2014, from http://link.springer.com.nwulib.nwu.ac.za/article/10.1007/s10995-014-1451-x/fulltext.html.

SIDIMBA, L., 2011. Absent fathers add to East Cape woes. *City Press*, 31 July, p 14.

SOWERS, J. *Fatherless generation: redeeming the story by John Sowers*. Zondervan.

SPJELDNAES, I.O., MOLAND, K.M., HARRIS, J. & SAM, D.L., 2011. “Being man”: fatherhood experiences and expectations among teenage boys in South Africa. *Fathering*, 9(1):3-21, Winter.

STAPLES, R., 1999. *The black family*. Belmont, Calif.,Wadsworth Publishing.

STATISTICS SOUTH AFRICA, 2011. General Household Survey 2010, Statistical release PO318, June 2010, viewed 30 September 2014, from http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P0318June2010.pdf.

STEENSMA, D.J., 1995. *Ouders en kinderen: een theologisch-ethische bezinning*. Zoetermeer, Boekencentrum.

STEYN, A.F., 1993. Family structures in the R.S.A. Pretoria, HSRC (Human Sciences Research Council).

STRONG, J., 2006. *Strong’s handi-reference concordance*. Chattanooga, Tenn.: AMG Publishers.

SUID-AFRIKA, SAIRR (South African Institute of Race Relations). 2013. *Black economic empowerment*, Johannesburg, SAIRR, PD06/2013.

SWARTZ, S., BHANA, A., RICHTER, L. & VERSFELD, A., 2013. Promoting young fathers'positive involvement in their children's lives. Viewed 09 October 2014, from www.hsrc.ac.za.

TSENG, Y. & VERKLAN, M.T. 2008. Fathers in situational crisis: a comparison of Asian and Western cultures. *Nursing and Health Sciences*, 10, 229-240.

VAN AARDE, A.G., 1999. Fatherlessness in first-century Mediterranean culture: the historical Jesus seen from the perspective of cross-cultural anthropology and cultural psychology. *Hervormde teologiese studies*, 55(1):15-16, March.

VAN DEN BERG, W., HENDRICKS, L., HATCHER, A., PEACOCK, D., GODANA, P. & DWORKIN, S., 2013. One man can: shifts in fatherhood beliefs and parenting practices following a gender-transformative programme in Eastern Cape, South Africa. *Gender & Development*, 21(1):111-125.

VAN LEEUWEN, M.S., 1999. Why men get anxious. *Christian century*, 116(1), 1166-1168.

VAN WYK, D., 1983. *Die verhouding tussen ouer en kind*. Kaapstad, Human & Rousseau.

VENTER, P.M., 1991. Holisme en totaliteit. *Hervormde teologiese studies*, 47(4):1088-1098.

VERHOEF, G.C., 2011. God is ons Vader. *Die Kerkblad*, Feb. 14.

VIGILANT, L.G., TREFETHREN, L.W. & ANDERSON, T.C., 2013. "You can't rely on somebody else to teach them something they don't believe": impressions of legitimation crisis and socialization control in the narratives of Christian homeschooling fathers. *Humanity & Society*, 37(3):201-224, August.

VILJOEN, S., 2011. "Papa don't preach": fatherhood in a South African Christian men Magazine. *South African journal for communication theory and research*, 37(2):308-331, August.

WELCH, K.J., 2007. Family life now: A conversation about marriages, families, and relationships. Boston, Pearson Education, Inc.

WHITE, L.J., 1994. Does the Bible know best about fathers? *Catholic*, 59(2), 38.

WILLIAMS, A., 2008. We badly need good fathers. *Human Events*, 64(21):18, Jun.

WILLIAMS, R.B., 2014. The male identity crisis and the decline of fatherhood. *Psychology Today*. Viewed 16 June 2014, from http://www.psychologytoday.com/em/152400.

WONG, M.S., MCELWAIN, N.L. & HALBERSTADT, A.G., 2009. Parent, family, and child characteristics: associations with mother- and father-reported emotion socialization practices. *Journal of Family Psychology*, 23(4):452-463.